# REDAKSIONEEL

## Reorganisasie van ons Tydskrif

### 1. Die Geskiedenis.

In Julie 1928 het die eerste uitgawe van **Die Wagtoring** verskyn. Hierin lees ons:

„Die **Tydskrif** wat 'n taamlik lang beloftegeskiedenis het verskyn nou eindelik. Dat daar by Calvinisties-gesindes onder ons volk behoefte bestaan aan so 'n tydskrif glo ons wel ....... Die blad is natuurlik hoofsaaklik **teologies** ,maar daar sal ook gereeld een of twee artiekels verskyn oor ander onderwerpe."

In die uitgawe van Junie 1933 lees ons:

„Die **Wagtoring** is gereorganiseer tot 'n nuwe blad met 'n nuwe direksie en redaksie. Ons hoop die intekenaars van die ou **Wagtoring** sal intekenaars van die nuwe blad bly. Ons wens die nuwe blad alle sukses toe".

In die eerste uitgawe van **Koers** van Augustus 1933 lees ons:

„Soos in die Junie-uitgawe van **Die Wagtoring** meegedeel, het genoemde blad 'n reorganisasie ondergaan. Onder die benaming **Koers** lê tans die nuwe, gereorganiseerde orgaan voor die leser. Die reorganisasie is alleen uitwendig-formeel en nie prinsipieel nie. Die grondslag en doel bly onveranderd. Die blad in sy nuwe vorm stel hom nog presies op dieselfde grondslag as **Die Wagtoring**, nl. op die grondslag van die Heilige Skrif. Ook wat die doel betref is daar geen verandering nie ....... Die blad wil die beginsels van die Heilige Skrif volgens die interpretasie van die Calvinisme propageer op die verskillende terreine van die lewe ....... Tewens sal by die keuse van die onderwerpe ....... waaroor artikels verskyn ....... so veel moontlik rekening gehou word met die vraagstukke wat van aktuele belang is, op watter terrein van die lewe hierdie vraagstukke ook mag val .... Hierdie naam ....... **Koers** ....... is gekies omdat algemeen gevoel is dat dit beter en sterker sal uitdruk die **doel** wat beoog word. Ons lewe in 'n tyd van ontsettende verwarring en koersloosheid. Die persone wat hulle verantwoordelik stel vir die blad, wil na die beste van hul vermoë, met al die nodige beskeidenheid, 'n poging maak om in die lig van die beginsels van Gods heilige openbaring, asook in die lig van ons eie volksverlede, koers aan te gee op die verskillende terreine van ons volkslewe. Immers, ook in ons land, net soos oor die ganse wêreld, heers daar tans op gods-

dienstige, op sedelike, opvoedkundige, maatskaplike, politieke, ekonomiese gebied die grootste mate van verwarring. Hoe swak en gebrekkig dit in baie opsigte ook al mag wees, tog sal **Koers** probeer om met die hulp en genade van God rigting te gee op al hierdie verskillende gebiede....... Dit is vir ons 'n aangename taak om 'n woord van opregte dank en waardering te rig aan die lede van die redaksie, asook aan die medewerkers van **Die Wagtoring.** Insonderheid wens ons te bedank professor dr. C. J. H. de Wet, wat as hoofredakteur homself groot moeite en opoffering getroos het in verband met die blad....... Ons verheug ons daarin dat....... die redaksielede en medewerkers van **Die Wagtoring** ook aan....... **Koers**....... hul steun en medewerking sal verleen."

**Koers** het—nieteenstaande sy tekortkomings—gedurende die loop van die jare aan sy grondslag en doelstelling getrou gebly en het sowel in ons land as in die buiteland naam gemaak. Hiervoor is ons Gode dankbaar.

Maar tog het in 'n bepaalde opsig die karakter van **Koers** gedurende hierdie tyd enigsins verander. Want terwyl **Die Wagtoring** en **Koers** hulle oorspronklik tot 'n breë leserskring gerig het, het **Koers** ook al meer aan 'n sterker wordende behoefte van die personeel van die Teol. Skool en van die P.U.K. vir C.H.O. voldoen om ook resultate van hul tegnies-wetenskaplike arbeid te publiseer en om ook op tegnies-wetenskaplike gebied leiding te gee . **Koers** het tegelyktertyd ook die blad geword waarin inougurele en rektorale redes geplaas is. As gevolg hiervan het die blad vir die algemene leser soms miskien te swaar op die hand geword.

### 2. Die Reorganisasie.

Uit bostaande blyk dat **Koers** sowel aan 'n breë leserskring populêr-wetenskaplike as aan 'n meer enge leserskring tegnies-wetenskaplike leiding wil bied. Volgens die eise van die huidige omstandighede sal **Koers** hom nog vir 'n afsienbare tyd hierdie dubbele doel moet stel. Besluit is nou dat **Koers** 'n populêr-wetenskaplike blad sal wees met tegnies-wetenskaplike **bylaes.** Minstens 20 van die minstens 40 bladsye van elke uitgawe van **Koers** sal populêr-wetenskaplik van aard wees. Die tegnies-wetenskaplike **bylaes** wat dikwels heelwat meer as 20 bll. sal beslaan, sal grotendeels deur finansiële ondersteuning van die kant van die Teol. Skool en van die P.U. vir C.H.O. bekostig word. Hierdie bylaes sal dus geen verhoging van intekengeld meebring nie.

**Koers** sal verder, veral in sy populêr-wetenskaplike deel, meer as voorheen doelbewus ons Calvinistiese beginsels propageer. Daarmee word nie bedoel dat **Koers** in die verlede nie getrou aan ons Calvinistiese beginsels

was nie, al is soms artikels geplaas wat nie juis prinsipiëel of aktueel is nie, maar dat die beginsels dikwels meer implisiet as eksplisiet gegee is, terwyl die geweldige dinge wat in die wêreld van tans op al die verskillende lewensterreine geskied, ons noop om meer eksplisiet en meer doelbewus ons Calvinistiese beginsels op die voorgrond te stel en hulle te propageer, en sodoende op beskeie wyse leiding te gee in die menigvulige vraagstukke van ons huidige situasies.

Die artikels van die populêr-wetenskaplike deel sal so kort en saaklik moontlik wees en die leesstof sal so aantreklik moontlik, met so veel as moontlik afwisseling van onderwerpe, aangebied word. Rekening sal gehou word met die hedendaagse joernalistieke eise. Daar sal o.m. gepoog word om die taal so eenvoudig moontlik te hou, terwyl by elke artikel die kerngedagte in ander letter gegee sal word. Die rubrieke **Ruilwaarde** en **Wêreldgebeure** sal ook voortgesit word. Besonder aktuele boeke sal spesiaal bespreek word. Minstens eenmaal per jaar sal iets meegedeel word aangaande die Teologiese Skool en die Universiteit. **Die blad moet dus in sy populer-wetenskaplike deel 'n ryke verskeidenheid van aktuele stof bied en toeganklik wees vir elke algemeen-ontwikkelde leser.**

Vir die bydraes tot die tegnies-wetenskaplike bylaes van **Koers** word as norme gestel: (a) die gewone eise waaraan wetenskaplike artikels behoort te beantwoord en (b) dat hulle hul onderwerpe „In U Lig" sal bied.

Die Direksie en Redaksie van **Koers** sal voortaan twee afsonderlike liggame met 'n behoorlike werkverdeling wees en die Hoofredakteur sal in die algemene beplanning van die blad sy besondere verantwoordelikheid hê. Lede van beide besture word gekies deur die persone wat **Koers** dra; hierdie persone wat hoofsaaklik ook personeellede van die Teol. Skool en die P.U. vir C.H.O. is, het in die verlede jaarliks spesiale finansiële bydraes tot die instandhouding van **Koers** gegee en sal dit ook in die toekoms doen.

Met sy oprigting was **Koers** die verantwoordelikheid van die hierbo genoemde persone. Maar nadat besluit is om die Raad van die P.U. vir C.H.O. te vra om 'n verteenwoordiger op die Direksie en Redaksie van **Koers** te benoem—veral weens die finansiële steun wat ons blad van die Raad ontvang het—het **Koers** meer die karakter van 'n semi-offisiële blad van ons Universiteit aangeneem. Na onderhandelinge met die Raad is nou besluit dat **Koers** nie 'n semi-offisiële blad van ons inrigting sal wees nie, maar 'n onafhanklike blad sal wees, dat sy beleid uitsluitlik deur sy Direksie bepaal sal word, onder nadere goedkeuring van die ledevergadering en dat die Raad nie meer op die Direksie en Redaksie van ons blad verteen-

woordig sal wees nie. Die Raad sal m.a.w. nie mede- verantwoordelik gehou kan word vir wat in **Koers** verskyn nie en die bydraes tot ons blad sal beskou moet word vrye meningsuitings van die betrokke skrywers te wees. Die gedagtes wat in die artikels verskyn vertolk dus nie die sienswyses van een of ander instituut, organisasie of groep as sodanig nie.

Die Direksie en Redaksie wil weer sy dank betuig aan almal wat in die verlede hul steun, finansieel en andersins, gegee het, en wil vertrou dat ook in die toekoms op hierdie steun gereken kan word. Hier moet ons spesiaal noem ons donateurs (w.o. in die eerste plek die P.U. vir C.H.O. en die Calvyn-Jubileum-Boekefonds), ons intekenaars en ons skrywers.

3. **Die Toekoms.**

Met die reorganisasie is reeds toekomslyne van ons blad uitgestippel. Maar nodig is 'n besondere woord aan ons intekenaars.

Die getal intekenaars van ons blad is nog lank nie wat dit moet wees nie. Dis slegs 'n besonder klein persentasie van die ondersteuners van ons beide inrigtings en van hul oud-studente asook van ons Calvinistiese volksdeel in die algemeen, wat op **Koers** ingeteken is. **Die getal intekenaars moet vermeerder** terwille van die verbreiding van ons beginsels, terwille van die leiding wat ons blad aan sy lesers gee en terwille van die bevordering van die wetenskap „In U Lig" beoefen soos deur die bylaes van **Koers** behartig. Sonder meer intekenaars kan ons blad nie na behore sy hoë van God gegewe roeping vervul nie.

Ons wil daarom hiermee 'n vriendelike maar tog dringende beroep op die leser doen om op ons blad in te teken as hy nog nie daarop ingeteken is nie en om ons blad by sy vriende aan te beveel, as hy wel daarop ingeteken is.

Laat ons saam werk en saam bou tot eer van God en tot heil van volk en vaderland!

## GEDAGTES OOR DIE BEPLANNING VAN ONS TOEKOMS

**(Rede gehou by die gradeplegtigheid van die P.U. vir C.H.O. (1953) deur dr. W. Eiselen, Sekr. van Naturellesake)**

---

Na aanleiding van die bekende digterwoord

„De wereld is een speeltoneel,
elk speelt zijn rol en krijgt zijn deel"

kan ons die openbare lewe vergelyk met 'n groot toneelverhoog waarop

elkeen volgens aanleg en vermoë sy rol speel. Daar is 'n gedurige kom en gaan: van voor klim die jeug trap vir trap na boontoe op; hulle bereik die verhoog en sluit aan by die ouer spelers. Daar is van tyd tot tyd 'n verwisseling van rolle: die jong spelers vervang geleidelik die oues wat vroeër of later uit die kalklig terugtree om die een na die ander in die donker agtergrond te verdwyn.

> Ons toekomsweg sal in 'n groot mate bepaal word deur die verhoudings tussen Blank en Bantoe.

By die plegtige geleentheid waaraan ons vandag deelneem kom, ons weereens diep onder die indruk van hierdie magtige ritme van die lewe. Ons is hier vergader om die nuwe spelers wat die steil akademiese trap gekies en uitgeklim het te ontvang. Voorlopig is dit die klein rolle—dikwels aan verde leerlingskap verbonde—wat aan hulle toegeken word, maar ons weet nou reeds dat uit hulle kring baie geroep sal word om groot en verantwoordelike lewensrolle te speel, veel meer as uit die ander groepe wat die verhoog langs 'n makliker weg bereik het. Heel moontlik sal daar van die ander wees wat meer van die aardse en verbygaande goedere verwerf as hulle, maar die ware, die blywende en hoogste goedere van die mens word aan hulle toevertrou. Ons toekoms word in hulle hande gelê.

My jong vriende, met ons geestesoog sien ons u nie slegs as die jong beginners nie maar reeds as die draers van ons kultuur, wat ,na ons vertrou, ons ideale nader aan vervulling sal bring. Ons wens u geluk met die geslaagde voltooiing van u voorbereiding, ons verwelkom u by u toetrede tot die „Sturm und Drang" van die lewe en ons dra aan u op die taak om ons toekoms stewig en skoon te bou.

**Ons het besondere probleme**

Hierdie woorde sou ek aan die akademiese jeug van enige land ter wêreld kan rig, maar dit kom my voor of dit hier in Suid-Afrika 'n heel besondere en veel dieper betekenis het as elders. Ons is nog so jonk—'n volk in wording—en daarby 'n klein minderheid van die bevolking, 'n minderheid aan wie dure verpligtings opgelê is teenoor sy eie nageslag asook teenoor die groot nie-blanke meerderheid. Ons is klein in die ry van volkere, en daarom skroom die grotes nie om ons doen en late vanuit hulle heeltemal andersoortige lewenskringe te ontleed en te veroordeel nie. Onder sulke omstandighede eis dit voorwaar 'n helder oordeel om die regte koers te

kies, en vasberadenheid om voet by stuk te hou. Die jeug van Suid-Afrika kan nie op gebaande weë voortbeweeg nie, hy kan nie die voorbeeld van ouer lande volg nie, sy omstandighede is **sui generis** en hy moet hulle uit eie krag aandurf. Dis geen maklike lewe wat vir u voorlê nie, maar 'n lewe van stryd teen onkunde en selfsug; 'n lewe gewy aan die bou van 'n nasie en daarom 'n lewe ryk aan werk.

**Die verhouding tussen Blank en Bantoe**

Ek ag dit 'n groot voorreg om u op hierdie dag te mag toespreek en enkele gedagtes oor die beplanning van ons toekoms aan u voor te lê. Ons toekomsweg sal in 'n groot mate bepaal word deur die verhoudings tussen Blank en Bantoe, en ek glo dat die Universiteitsowerheid met sy keuse van die spreker tegelykertyd ook hierdie onderwerp wou voorskryf. U sal ewe goed as ek besef hoe moeilik dit is om die probleem juis op hierdie tydstip met akademiese objektiwiteit te bespreek, en u sal genoeë daarmee moet neem as ek sonder om op die meriete van die verskillende beleidsrigtings in te gaan, dit slegs op saaklike manier noem om die nodige agtergrond vir my gedagtegang te skep.

In die jongste tyd is ons rasseverhoudings so aanhoudend en op sulke uiteenlopende maniere in die binneland sowel as in die buiteland bespreek, dat dit juis om hierdie rede wenslik is om die probleem weer 'n keer duidelik en in eenvoudige terme te stel.

Die eintlike sleutelfaktor wat hom van oudsher laat geld het, is die groot getalsoorwig van die Bantoe in Suid-Afrika. Hierdeur het ons Suid-Afrikaanse lewenswyse sy welbekende patroon gekry, waarbinne vrywel elke blanke een of meer naturellewerknemers tot sy beskikking het. In die verlede was dit, behalwe op die boereplase, hoofsaaklik trekwerkers wat hulle tuistes in die naturellegebiede behou het. Daar het die Bantoe-gemeenskapslewe hom afgespeel, enersyds binne die stamstruktuur en andersyds in die talryke sendinggemeentes wat in of naby hierdie gebiede gestig is. Die doelbewuste opvoeding van die Bantoe is daar aangevoor, en byna al hulle groot opleidingsentra was ver van die groot stede geleë.

Saam met ons industriële ontwikkeling het hierdie toestand eers geleidelik en later baie vinnig verander. Daar het 'n groot verskuiwing van die bevolking gekom wat hom in en om die groot dorpe gaan vestig het. Vandag kan 'n mens reeds van trekwerkers op die plase en van gevestigde Bantoe-gemeenskappe in die stede praat. Volgens die Naturellewette-Kommissie is dit 'n natuurlike en onkeerbare ontwikkeling, wat ook heeltemal versoenbaar sou wees met ons tradisionele lewenswyse. Hierdie opvatting dat die

rolle tot in lengte van dae so sal bly, dat die blanke beplan, organiseer en emplojeer terwyl die Bantoe die nodige spierkrag lewer, berus egter op die veronderstelling dat die Bantoe in hoofsaak statiese mensemateriaal is. Maar dit is geensins die geval nie. Hoewel die oorgrote meerderheid nog baie agterlik is, het 'n aansienlike aantal reeds groot intellektuele vordering gemaak, en dit is juis hulle wat namens hulle rasgenote 'n ander rolverdeling eis. Intussen is ook die speerpunt van Bantoe-opvoeding van die platteland na die stede verskuif en hulle intelligentsia word aangretef in die grootindustriesentra, vanwaar hulle hul veldtog vir gelyke regte binne een en dieselfde gemeenskap loods.

**Geen relatiewe stilstand by die Bantoes nie**

Daar kan geen sprake wees van 'n relatiewe stilstand van die Bantoes nie: hulle ontwikkeling gaan sy gang. Ons moet dit aanvaar as 'n feit. Maar ons het wel seggenskap wat betref die rigting van hul ontwikkeling. As die stad die uitgangspunt en die beslissende faktor in hierdie ontwikkeling moet wees, dan kan dit nie anders uitloop as op aanpassing en aansluiting by die blanke of op botsing met die blanke, waar laasgenoemde nie hiermee gediend is nie. Daarteenoor kan ontwikkeling wat op 'n progressiewe gemeenskapslewe in die naturellegebiede opgebou is en uit Bantoewortels groei, tot 'n volkseie beskawingsvorm lei. In hierdie sin staan ons voor 'n keuse wat verreikende gevolge meebring. Kies ons na die een kant toe, dan bly die patroon van ons lewe op maatskaplike, ekonomiese en politieke gebied voorlopig sonder baie merkbare steuring voortbestaan en die eintlike beslissing oor ons lotgevalle word uitgestel totdat 'n krisispunt bereik word. Kies ons na die ander kant toe, dan beteken dit dat ons 'n besluit neem waarvan die uitvoering nou reeds allerlei ongerief en laste meebring maar ons teen 'n krisis op 'n later tydstip vrywaar.

Die keuse soos ek hom hier gestel het, is nie maklik nie en 'n mens sou dit graag wil vryspring. Daarom word dikwels beweer dat verdere uitstel glad nie noodwendig na 'n krisistoestand sal lei nie. Die getalsoorwig van die Bantoes kan, so word aan die hand gedoen, deur immigrasie van blankes geneutraliseer word. Dit is 'n logiese argument, mits die blanke immigrante die land nie as potensiële werkgewers binnekom nie. Anders klop die rekening nie, want die stroom van buitelandse Bantoes na die Unie wat nou reeds sterk loop, sal dan soveel meer vaart kry.

Daar word verder beweer dat die getal van „**assimilados**" in elk geval so klein sal wees dat dit die aard van ons volkstruktuur nie ernstig sal bedreig nie. Dit is egter 'n voorspelling wat in V.V.O.-kringe sonder meer

asdoelbewuste weerhouding van ontwikkelingsdienste vir die Bantoes vertolk sal word.

Voorts word gemeen dat geleidelike inskakeling van die Bantoe-intelligentsia by die blankes die veiligste waarborg vir die voortbestaan van die blanke gemeenskap en die Westerse beskawing inhou. In hierdie verband verwys ek na resente ontwikkelings in Indonesië en Kenya onderskeidelik, waar hierdie **divide et impera**-tegniek toegepas.

Ten slotte word aangevoer dat die een alternatief deur my genoem, inderdaad glad nie meer bestaan nie, omdat die keuse van geskeie ontwikkeling van Blankes en Bantoes weens sy revolusionêre en chaotiese uitwerking prakties onuitvoerbaar is. Hier het ons egter te doen met 'n verwarring van twee begrippe, naamlik 'n onmedenlike revolusionêre skeiding tussen Bantoe en Blankes, 'n saak wat nog nooit ter sprake was nie—aan die kant en revolusionêre skeiding volgens langtermynplan, waarvan die deurvoerbaarheid sekerlik nie goedsmoeds betwis kan word nie.

**Ons kan die verpligting om te kies nie ontduik nie**

Dit bring my tot die gevolgtrekking dat ons die verpligting om te kies nie kan ontduik nie. Nou word daar egter bedenkings van 'n ander aard uitgespreek. Die alternatief van geskeie ontwikkeling sou oneties en derhalwe onaanvaarbaar wees. In hierdie verband moet ek 'n heel gebruiklike wanvoorstelling korrigeer. Daar word voorgegee dat van die Bantoes geëis word 'n terugkeer na hul eertydse primitiviteit, iets wat geheel en al teenstrydig is met die werklik beoogde ontwikkeling, wat die lewensnoodwendige verhoging van produktiwiteit op alle terreine insluit en reeds deur die Naturelletrust in baie dele van die land met welslae aangevoor is.

Hierdie besondere punt word maar te dikwels eensydig vanuit die standpunt van die kultuur-selfvoldane Westerling beskou, vir wie verwerwing van beskawing identies is met aanpassing by sy taal, sy gewoontes en sy stelsel van openbare administrasie. Ek gee u ter oorweging of dit nie juis oneties is om van die Bantoes te eis dat hulle van hul volkseie afstand moet doen en nuwe waardes aanvaar, voordat hulle, in die land van hulle geboorte, in 'n ontwikkelingsprogram ingeskakel kan word.

**Besware teen differensiële ontwikkeling**

Dit is bekend dat veral die intellektueles onder die Bantoes die gedagte van 'n Bantoe-eie ontwikkeling vyandig gesind is. Uit die aard van die saak moet 'n mens dit verwag. Hulle is die produk van 'n opvoedingstelsel wat op aanpassing en aansluiting gerig is, en dit is slegs menslik dat hulle 'n

wysiging in die beoordeling van waardes, wat hulle met ywer en toegewydheid verkreë status in die gedrang bring, ten sterkste sal bestry. Daarom keur hulle die aanbeveling van die Naturelle-onderwyskommissie dat onderwys in die gemeenskapslewe ingesluit moet word en op gemeenskapsdiens moet uitloop, volkome af. Van hierdie standpunt van die Bantoe-intelligentsia moet kennis geneem word, maar daarby moet onthou word dat hulle hierin klas en nie volksbelange verteenwoordig nie.

U is ongetwyfeld daarvan bewus dat daar ook van kerklike kant besware geopper is teen die beleid van differensiële ontwikkeling, omdat dit sou neerkom op 'n ontkenning van die kardinale Christelike leerstelling dat voor God alle mense gelyk is. Dit sou dan onchristelik wees om met verskille rekening te hou wat voor God nie geldig is nie. Omdat ek gevind het dat nogal baie persone gemoedskwellings in verband met hierdie saak ondervind, wil ek hier konstateer dat dit ontoelaatbaar is om 'n aanvegbare vertolking van Skrifwoorde by die beoordeling van hierdie vraagstuk aan te wend. Hier word immers die Goddelike genade geprys wat nieteenstaande die verskille tussen mens en mens daartoe bereid is om almal as gelykes te aanvaar. Dit kom dan ook aan God toe om verskeidenheid wat daar volgens sy raadsbesluit bestaan, uit te wis, maar die mens kan hom, ten opsigte van sy aardse probleme, nie dieselfde reg aanmatig nie.

Van die kant van die moderne antropologiese wetenskap kom ook besware teen die aanvaarding van 'n beleid van differensiële ontwikkeling. Onlangs het 'n paneel van vakgeleerdes die rassemite, soos hulle dit noem, die nekslag toegedien; en 'n pamflet waarin hulle vonnis uitgespreek word, is deur Unesco versprei. Ek wil in hierdie verband volstaan deur te sê dat die antropologiese wetenskap in hierdie opsig nogal 'n wispelturige rol gespeel het, maar dat die dictum uit die genoemde kring ons probleem nie eintlik raak nie. Feitlik beteken die verklaring net dat sterker pigmentasie van die vel nie geestelike minderwaardigheid beteken nie. Op so 'n beskouing is die Suid-Afrikaanse rassegevoel trouens nie gebaseer nie maar bloot op die oortuiging, dat die groot fisieke verskille wat tussen Blanke en naturel bestaan dit wenslik maak dat elke groep hom sover doenlik by sy eie kring moet bepaal. Dat daar, aangesien die oorgrote meerderheid van die naturelle nog baie agterlik is, 'n neiging bestaan om agterlikheid, feitlik onbewus, as samehangend met die Bantoe-raseienskappe te beskou kan natuurlik nie ontken word nie. Dit is nie onnatuurlik nie, want 'n organiese samehang is in die verlede ook deur gesaghebbende antropoloë beweer. Die beleid wat hier ter sprake is, wil egter juis ontwikkeling tot die optimum vermoë voorsien; dit spreek geen waarde-oordeel uit nie en lê hoegenaamd nie enige willekeurige beperking neer nie.

Ek het taamlik lank stilgestaan by die vraag of dit nou eintlik nodig is om die swaarwegende keuse wat ek genoem het reeds op hierdie tydstip te doen en of ons as mense met Christelike oortuigings en as nugter oordelende wetenskaplikgeskoolde mense wel die morele reg het om hierdie keuse vry uit te oefen. My antwoord hierop is bevestigend.

Die openbare mening in die buiteland trek te velde teen die patroon van ons lewe in Suid-Afrika, en binnelands word die ies om 'n nuwe bedeling steeds sterker gestel. Daar is 'n toestand van gespanne verwagting.

**Watter pad moet ons volg?**

Ons staan dus by die kruispad, en ons weet dat die saak dringend is en geen lang uitstel gedoog nie. Watter toets kan ons nou aanwend om te bepaal watter pad ons moet volg? Vir my lyk die volgende criteria geskik vir 'n eerlike toets:

> Eerstens moet die weg wat ons kies, ons lei na 'n ideaal wat almal se verbeelding aangryp; dit moet lei na iets wat ons as denkende, vooruitsiende mense vir die nageslag beplan.
>
> Tweedens moet dit billik wees teenoor die Bantoe, sodat hulle ook die vryheid het om 'n toekoms vir hulle nageslag te bou en hierin op ons steun kan reken. Indien dit sou ontbreek kan, dit ook vir ons geen suiwer ideaal inhou nie.
>
> Derdens moet dit nie die breë, maklike pad wees wat geen eise aan ons stel nie, want deur hom te volg sal ons geen nasiebouers word nie.

**'n Moeilike pad**

Dit sal inderdaad 'n moeilike pad wees. Dit het meen ek, in die jongste tyd veral, tot ons almal se bewussyn deurgedring. Elke langtermynprogram sluit in by die uiteindelike voordele, wat ons graag aanvaar, moeilikhede wat slegs met vasberadenheid en offervaardigheid oorwin kan word. Die crux is hierin geleë dat slegs die wat so 'n plan enduit verstaan, bereid sal wees om die laste wat dit meebring te aanvaar terwyl die kortsigtiges die leiers die rug sal toekeer as die pad moeilik begin word. Die kortsigtiges is die mense wat emosioneel en in onmiddellike eiebelang dink, en hulle is die meerderheid.

Op die praktyk toegepas, beteken dit dat 'n regering wat, in sy strewe om 'n ideaal te bereik, laste op die skouers van die burgers plaas, maklik die ondersteuning van sy kiesers verloor en dat in so 'n geval sy eintlike konstruktiewe planne in die slag bly.

**Die boodskap en 'n paar vrae**

Hiermee het ek gekom by die boodskap wat ek vandag aan u wil rig. Dit is vir ons lewensbelangrik dat ons die minderheid van saaklik denkende en goed ingeligte persone in Suid-Afrika verander in 'n groot meerderheid, wat, op pad na die erkende ideaal, reeds van die moeilikhede, wist wat, voorlê en nieteenstaande enige ongerief voet by stuk hou totdat die doel bereik is, en dit sal by 'n langtermynprogram nie slegs 'n paar jaar duur nie maar moontlik oor generasies strek.

Aan ons universiteite lei ons saaklik denkende mense op, maar besit hulle, besit u, jong akademiese burgers in hierdie saal, die nodige kennis van rasse-aangeleenthede? As dit by u ontbreek, dan sal u tog maar geneig wees om bloot emosioneel te dink oor hierdie probleme, en ek vrees dat, uit die aard van die saak, baie van u nie oor die nodige kennis beskik nie. U kan u self toets.

**vrae**

Watter kennis dra u van die ligging, die grootte, die klimaatstoestande, die landbouwaarde en die drakrag van ons naturellegebiede? Wat weet u van die etniese samestelling, die getalsterkte en die stamgewoontes op maatskaplike en ekonomiese gebied van ons Bantoes? Weet u watter mannekrag daar nodig is vir die werk in ons myne, of dit beskikbaar is en waar die arbeiders vandaan kom? Het u al nagedink oor die implikasies van naturelletrekarbeid en permanente arbeid in ons stede? Weet u hoe sterk die toestroming van die naturelle na die stede is en watter probleme daaruit voortspruit ten opsigte van behuising, vervoer, gesondheid en sedelikheid? Wat weet u van die loonstruktuur wat betref naturellewerknemers? Watter moeilikhede ondervind die boer om die nodige mannekrag vir voedselproduksie te verkry? Dra u kennis van die stelsel en die leerplan van naturelle-onderwys, en weet u hoe groot die omvang daarvan is? Watter inligting besit u oor die invloed van Westerse beskawing op die naturellebevolking? Vergelyk ons uitgawe vir maatskaplike dienste ten behoewe van die Bantoes gunstig of ongunstig met die van ander gebiede in Afrika?

Hierdie paar vrae sal verduidelik wat ek bedoel. Daar is ook vrae van 'n ander soort, van ewe groot belang. Dra u kennis van die algemene strekking van naturellewetgewing? Weet u van die konstruktiewe stappe van die laaste paar jare: die instelling van arbeidsburo's om mannekrag doeltreffend te kanaliseer; die herwinningswerk in die naturellegebiede, die oopstelling van die boubedryf in stedelike lokasies vir geskoolde naturellebouwerkers; die vervanging van menigvuldige passe deur 'n handige bewys-

boek, die skepping van verantwoordelike Bantoe-owerhede en die verwydering van swartkolle uit blanke gebiede en omgekeerd?

Ek sluit my lys af met die kernvraag, of u u man sou kan staan deur kapittel en vers oortuigend te siteer teenoor iemand wat beweer dat daar wel baie onregverdige wette is wat die huidige versetbeweging ten volle regverdig?

Op grond van die punte wat u aan u self toeken, sal u kan besluit watter mate van kennis as basis vir saaklike oorweging van rassevraagstukke daar by die gewone nie-akademiesgeskoolde burger van die land aangetref sal word.

**'n Verontrustende gebrek aan kennis**

Ek vermoed dat u met my sal saamstem dat daar 'n verontrustende gebrek aan kennis is. Net soos die meeste uitlanders ons rasseverhoudingsprobleem verkeerd beoordeel omdat hulle vanuit hul totaal verskillende omstandighede belaglike gedagtes oor Suid-Afrika uitspreek, so is daar baie Afrikaners wat, weens daaglikse aanraking met die probleem, geen grondige ondersoek nodig ag nie en hulle opvattings slegs emosioneel motiveer.

Die vraag moet nou gestel word hoe ons essensiële inligting doeltreffend kan versprei. Daar is die nuusbriewe en kwartaalblaaie van die Instituut van Rasseverhoudings en van S.A.B.R.A. onderskeidelik wat egter slegs 'n beperkte leserskring bereik. Dan is daar die waardevolle werk van die Bantoekundë-afdelings aan die verskillende universiteite, insluitende u eie universiteit, maar weer is dit 'n klein tal aan persone wat hier gevorm word. Dit is moeilik om te sien hoe studente wat gaandeweg meer in bepaalde vakke spesialiseer, behalwe deur privaatstudie, hierdie kennis kan verkry. Miskien kan die universiteite meer aandag aan hierdie uiters belangrike saak gee, maar, volgens my oordeel, is dit die **skool** wat die eintlike sleutelposisie beklee. Ek bring die saak hier by u te berde omdat u, wat maar enkele jare gelede die skool verlaat het, my motivering sal volg.

**Taak van die skool.**

Terloops het ek reeds melding daarvan gemaak dat ons naturelleskole hulle baie eensydig toelê op inskakeling by die blanke en dat dit hoog tyd is dat die pendulum terugswaai van aanpassingsonderwys vir die indiwidu na 'n beplande Bantoegemeenskapsonderwys. **Mutatis mutandis** ly ons blanke skole aan die teenoorgestelde kwaal. In hulle leerplan word daar

baie min aandag gegee aan die omstandighede en die doen en late van die agt miljoen Bantoes van ons land, hoewel hulle ongetwyfeld die belangrikste omgewingsfaktor is en in die indiwiduele sowel as die gemeenskapslewe van die blanke, 'n geweldige rol speel.

Die onderwysowerhede is van hierdie leemte bewus, en daar is 'n poging aangewend om dit te vul deur Bantoetaalonderwys in verskillende hoërskole in te voer. Dit is as keusevak naas Duits, Frans en Latyn aangebied en is in etlike skole met prysenswaardige geesdrif deur die leerlinge ontvang. Die onvermydelike het egter gebeur. Bantoeltale is radikaal verskillend van Germaanse tale, die studie daarvan is veeleisend en die vaardigheid wat bereik kan word binne die kort skoolure daarvoor beskikbaar, is geensins voldoende om werklike kontak met die naturel te bewerkstellig nie. **A fortiori** kan tydens klasure geen tyd gevind word om aan die Bantoetaal-leerlinge ook algemene inligting in verband met die naturelle te verstrek nie. In elk geval is die beoogde doel maar baie gedeeltelik bereik. Die leerlinge voel dit, en daarom is die studie van Bantoetale in skole nog altyd veel meer die uitsondering as die reël.

Ek verwelkom natuurlik die onderwys van Bantoetale in ons skole; maar die doel waarvan ek gepraat het kan nie slegs die deur invoeging daarvan in ons leerplan bereik word nie. Wat ek ten sterkste wil aanbeveel, is dat die saak met veel meer doelbewuste erns aangepak word. Deur my vrae wat ek pas gestel het, het ek aangedui watter kennis van die Suid-Afrikaanse burger geëis moet word sodat hy 'n positiewe rol kan speel in die verwesenliking van gesonde rasseverhoudings en sodat hy saaklik en konstruktief kan nadink oor ons rasseprobleme. Ek wil 'n diep ernstige beroep doen op die onderwysowerhede om sonder versuim moderne Bantoekunde, of liewer Bevolkingskunde, wat Kleurling en Asiaat ook insluit, in alle hoërskole as verpligte skoolvak in te voer. Ek weet van geen ander vak wat so dringend noodsaaklik is nie. Die ander vakke is kultuurdraend of voorbereidend vir 'n akademiese of professionele loopbaan; hierdie vak is egter een wat die verdere volksbestaan self ten nouste raak.

Graag wys ek daarop dat ons kinders deur die verlenging van verpligte skoolbesoek juis gedurende die jare waarin hulle lewensbeskouing gevorm word, nog op skool is. Dit bied dus 'n gulde geleentheid vir die vorming van 'n gesonde oordeel in verband met ons grootste landsprobleem. Meer nog, vanuit die skool sal inligting, omdat dit hier dinge van die hoogste praktiese belang geld, die ouers en die gemeenskap in die algemeen bereik en ook hulle ryp maak vir saaklike oorweging van en groeiende belang-

stelling in Naturelle-administrasie en Naturellebeleid. Ek het groot vertroue in die vermoë van die skool om hierdie diens aan ons land te bewys.

U sal die vraag stel waar die onderwysers vir hierdie nuwe vak vandaan moet kom. Waarskynlik kan daar aan elke hoërskool minstens een onderwyser, gevind word wat uit eie inisiatief reeds belang in hierdie sake stel. Waar dit nie die geval is nie, sal daar geen gebrek wees aan bekwame onderwysers wat volgens die ou reël **docendo discere** bereid sal wees om die studie saam met hulle leerlinge aan te durf nie.

By hierdie punt keer ons terug na die universiteit, want dit sal die taak van die universiteite wees om die werklik goed-onderlegde onderwysers te lewer. Ook sal dit intensiewe en steeds nuwe navorsing vereis om altyd op hoogte te wees van alle veranderings en ontwikkelings van 'n hoogs vloeibare toestand. Bearbeiding van hierdie navorsingsgebied en samevatting van die resultate in betroubare handboeke is 'n taak waarvoor slegs die Universiteite opgewasse is.

**Hulp van die universiteite.**

Waar ek dus 'n nuwe landsdiens van die skole eis, vra ek gelyktydig die hulp van die universiteite om so 'n diens doeltreffend te maak. Dit is om hierdie rede dat ek gewaag het om by die huidige akademiese plegtigheid die hervorming en uitbreiding van ons skoolleerplan voor te stel en om u steun te vra. Sommige van u sal natuurlik as onderwysers hulle invloed op direkte wyse kan uitoefen, maar watter loopbaan u ookal mag kies, die geleentheid om in eie kring hulp en leiding te gee sal nooit ontbreek nie. Daar is u rol wat op u wag, op elkeen van u.

Die wysgeër Sokrates het geleer dat die mens reg sal handel as hy goed ingelig is en helder kan dink. Volgens my oordeel het hy met hierdie stelling nog nie tot die volle waarheid deurgedring nie. Ek aanvaar dat die mens, volgens Sokratiese patroon gevorm, wel deeglik die gevolge van sy keuse vooruit kan bepaal, wanneer hy op die tweesprong te staan kom, maar ek aanvaar nie dat hy op grond daarvan noodwendig die regte weg sal kies nie. Omgekeerd aanvaar ek dat die mens wat 'n groot ideaal nastreef, dikwels 'n dwaalweg sal kies tensy hy oor die nodige kennis en denkvermoë beskik. Alleen deur sintese van hierdie twee dinge, waar kennis en oordeelsvermoë in diens van 'n ideaal gestel word, kan ons bereik wat reg en goed is.

Ek vertrou dat u, jong akademiese burgers van ons land, reeds 'n besielende ideaal het en dat u sal toerus om aan die genoemde eis te voldoen. Ek vertrou verder dat u sal meehelp om toe te sien dat die wat op u volg, ten volle voorbereid vir wat Suid-Afrika van hulle mag vra.

Aan die begin het ek gewag gemaak van die ritme van die lewe wat u tot die punt gebring het waar u aktief aan die openbare lewe sal deelneem. U toetrede geskied in 'n betekenisvolle stadium waarin streng eise aan die oordeelsvermoë van die Suid-Afrikaanse burger gestel word. U is nou opgeneem in die dinamiese kringloop van die volkslewe, as deelgenoot met pligte en verantwoordelikheid. U het ontvang van die wat voor u was, u moet nou handhaaf vir uself ,en u gaan bou vir die wat na u kom. Dit is die kultuuromloop van u volk, en u is geroepe om sy polsslag gesond te hou, suiwer en sterk.